

Nuwe Agricol-leerstool lei meer saadkundiges op

Die nuutgestigte Agricol-leerstool in Agronomie in die Fakulteit is 'n belangrike stap vorentoe om die planteler- en landboukundige-tekort in die RSA te help hoksla. Kundiges in hierdie velde is nodig om onder meer graanboerdery, veeboerdery en die groentebedryf in die RSA en Afrika kerngesond en vooruitstrewend te hou.

Dr Nick Kotzé, gewese besturende direkteur van die saadmaatskappy Agricol, beklee die leerstoel.

Mnr Antonie Jacobs, Agricol se besturende direkteur, glo die leerstoel sal bydra tot die uitbouing van navorsing en ontwikkeling in die saadbedryf, die uitbreiding van produkkennis en geleenthede vir nog opleiding in dié bedryf, om te verseker dat dit nie agterweë bly nie.

“Daar bestaan oorgenoeg loopbaangeleenthede in die saadbedryf vir gekwalifiseerde kundiges wat kan help voorsien in produsente se

behoefte na siekteweerstandige, hoogproduserende variëteite en kultivars wat aangepas is vir spesifieke landboustreke. Genetiese vooruitgang is die ruggraat van 'n groeiende landboubedryf en daarom is dit belangrik dat studente en navorsers se werksaamhede op hierdie gebied so ver moontlik ondersteun word,” het Jacobs gesê.

Die leerstoel sal veral gemeed wees met die werwing van nagraadse studente in Agronomie, 'n dissipline wat onder meer aspekte van Akkerbou en Weiding insluit.

Deur noue skakeling met die landboubedryf sal Kotzé help om nywerheidgerigte navorsingsprojekte te identifiseer en te beplan, en befondsing verseker vir die werk wat US-navorsers moet doen. Dit kan onder meer bykomende navorsing behels oor die geskiktheid van verskillende wisselboustelsels, die minimum

bewerkingstandaarde vir spesifieke gewasse, streekspesifieke saadreekse of projekte waardeur optimum boerderypraktyke vir ontluikende gewasse soos sojabone bepaal word. Kotzé sal ook sy kundigheid in die lesingsaal oordra, en help om beurse ter ondersteuning van studente in Agronomie te bekom.

Kotzé het in 1994 by Agricol as direkteur van navorsing en ontwikkeling aangesluit. Dié boorling van Nieuwoudtville het in 2011 die maatskappy se besturende direkteur geword.

Hy het sy doktorale studies hier voltooi en ook 'n MBA aan die Bestuurskool verwerf. Kotzé het etlike jare in die raad van die SA Nasionale Saadorganisasie (SANSOR) gedien, en is steeds as lid van die SANSOR-komitee vir veevoergewasse betrokke.

“Na jare in die bedryf, sien ek uit om te kan terugploeg in die ontwikkeling van 'n jonger, dina-



Dr Nick Kotzé

miese geslag wat so broodnodig is vir die bedryf,” sê Kotzé, wat steeds sy bande met Agricol sal behou deur onder meer sy opkomende landboukundiges te mentor. “Ek hoop om my oornaby aan die grond te hou oor watter navorsing die weidings- en varsproduktebedryf nodig het om vooruit te gaan, en ook om as mentor vir studente op te tree.”

“Ons is opgewonde oor die impetus wat hierdie leerstoel aan ons studieveld kan bied, en die moontlikheid vir nog navorsing waardeur ons nywerheidverwante probleme kan bly aanspreek,” sê dr PJ Pieterse, voorsitter van die Departement Agronomie.

KALENDER 2014

- 27 Maart PMA-loopbaanuitstalling
- 29 Maart US-reses
- 23 April Vierde Gradeplegtigheid (10:00) – Doktorsgrade (Fakulteit AgriWetenskappe)
- 24 April Sesde Gradeplegtigheid (17:00) Fakulteit AgriWetenskappe
- 29 Mei Laaste dag vir betaling van 75% van studentegelde vir 2014
- 31 Mei Sluitingsdatum vir aansoeke 2015
- 15 – 19 Junie IFAMA-kongres KIKS
- 20 Nov Gholfdag

MSc-graad in Volhoubare Landbou skop af

Die Fakulteit het pas 'n nuwe MSc-graadprogram ingestel waarin groot klem op volhoubare landbou geplaas sal word. Dit kan oor twee jaar verwerf word en vyf studente is tans daarvoor ingeskryf.

Die fokus van die nuwe MSc-graad is op die wetenskaplike beginsels waarvolgens grond en voedselproduksie op volhoubare wyse bestuur word. Dit is gegrond op die benadering dat die boerderylandskap 'n stelsel is wat die somtotaal is van sy komponente soos grond, water, gewasse, diere, die omgewing en kapitaalinvestering. Hierdie komponente moet nie in isolasie beskou word nie. Dit is belangrik om te besef dat menslike kapasiteit, arbeid, geslag en ander maatskaplike entiteite ook deel van



Die nuwe studente Zander Venter, Tshepo Morokong, Lezanie Coetzee, prof Raymond Auerbach, dr Heidi Hawkins en Busisiwe Mahlobo.

hierdie holistiese stelsel vorm.

Die graadprogram is deur akademici uit verskeie dissiplines ontwikkel en bestaan uit 'n onderrig-sowel as 'n navorsingskomponent.

Prof Raymond Auerbach van die NMMU in Port Elizabeth en ook direkteur van die Rainman Landcare-stigting, was met die bekendstelling die geleentheidspreker. Hy het gesê die multidisiplinêre benadering is beslis 'n voordeel en sal hopelik

tot nuwe insigte lei.

Prof Kennedy Dzama van die Departement Veekundige Wetenskappe, wat nou betrokke was by die ontwikkeling van die nuwe nagraadse program, het op 'n vorige geleentheid gesê Suid-Afrika is agter wat volhoubare landbou betref.

- Vir meer inligting, skakel me Malgas by rmalgas@sun.ac.za of prof Dzama by kdzama@sun.ac.za

Verwelkomingsprogram bring kalmte en aanpassing

Sowat 260 eerstejaarsstudente was vanjaar in die week voor klasse amptelik op 3 Februarie begin het deel van die Fakulteit AgriWetenskappe se verwelkomingsprogram.

“Ons is dankbaar oor elk van dié studente wat onder meer as voedselwetenskaplikes, wingerdboukundiges, plantsiektekenners, grondkundiges, na-oes spesialiste, telers, bewaringskundiges, bosboukundiges en landbou-ekonome opgelei sal word. Hulle kundigheid sal ongetwyfeld bydra om onder meer voedselsekerheid vir die Suid-Afrikaanse verbruiker te verseker,” sê prof Mohammad Karaan, dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe.

Die verwelkomingsprogram se oogmerk is om eerstejaarsstudente bekend te stel aan die Fakulteit en die studieprogramme wat hulle gaan volg, hulle die bedrywighede en navorsing wat op die Welgevallen-proefplaas plaasvind te wys, en ook om aangeleenthede soos eksamenroosters en akademiese en nie-akademiese ondersteuning te bekryk.



Heel bo: studente arriveer by registrasietoonbank; bo: me Ghafsa Gamiet (Fakulteitsekretaris) en dr Natasja Browne (Dekaansafdeling) help die nuwe Maties; middel regs: die “Apskopfees” en regs: waterpret.



Afwagting en opwinding

Die program het sonder twyfel groot afwagting en opwinding in die geledere van die eerstejaars oor hulle toekoms in die landbou-wese geskep. Dit het talle nuwe en prettige ondervindings gebied, asook geleenthede waar inligting oorgedra is oor sake wat gewissel het van bewusmaking van belangrike ampsdraers in die Fakulteit tot roosters. Laasvermelde was vir talle eerstejaars nogal ’n ont-nugtering toe hulle besef elk is verplig om ’n eie rooster op te stel en ook dat lesings smiddags tot 17:00 duur.

’n Mens kan egter met sekerheid sê dat verreweg die meerderheid van hulle vanjaar oor die algemeen heel kalm en rustig oor alles was en ’n “kom-ons-maak-die-beste-daarvan-houding” geopenbaar het.

Groen bandjies

Nedbank het vanjaar as vennoot van die Fakulteit se verwelkomingsprogram toegetree en het onder meer die groen bandjies waarmee AgriWetenskappe-studente mekaar te midde die see van nuwelingsigte uitken, geborg.

“Dit is belangrik dat ons studente mekaar ken, dat hulle onderling van mekaar leer en gevolglik beter toegerus is vir wanneer lesings ’n aanvang neem,” sê me Monika Basson, organiseerder van die verwelkomingsprogram.

Die AgriWetenskappe Studente Assosiasie (ASA), wat gereeld aan die voorpunt van vele van die Fakulteit se bedrywighede staan, het op 6 Februarie met groot sukses die jaarlikse Afskopfees vir alle nuweling eerstejaars – wat in hulle hordes opgeruk het – gereël. Die doel hiermee is om eerstejaars

bymekaar te bring met die oog op nuwe vriendskapsbande en ook om met die ASA-komitee op ’n meer sosiale vlak te verkeer.

Afskopfees

’n Hoogtepunt was die “boerebraai” wat saam met vlugbal, ’n mini-swembad en ’n waterglybaan groot pret en plesier tot gevolg gehad het. ASA se Afskopfees het weer eens aan die nuwelinge se selfvertroue op die vooraand van ’n belangrike en bepalende hoofstuk in hulle jong lewens ’n enorme hupstoot gebied.

Strategies dealing with shorter rotation ages on timber to be developed

Dr Brand Wessels of the Department of Forest and Wood Science has initiated a project to develop practical strategies dealing with the effects of shorter rotation ages on structural timber properties.

Wessels explains: “Pine plantations managed for saw log production were traditionally harvested at about 30 years of age. In the last few years, however, the rotation age for saw timber plantations in South

Africa has been reduced by many growers and the average rotation age fell from about 30 years in 1994 to less than 23 years in 2004.

“The reason for this reduction in rotation age can largely be attributed to the increase in growth rate of trees through tree breeding and improved silvicultural practices to meet the increased demand for sawn timber and the growing need to enhance the productivity of our existing

forestry resource.”

“Juvenile wood is known to be structurally different and considerably more variable in virtually all wood properties compared to mature wood, resulting also in higher variability in its performance and behavioural characteristics. One of the structural timber properties that is severely affected by age is that of stiffness or the modulus of elasticity (MOE) of wood.”



Dr Brand Wessels

Sonja vertel kykers meer oor bosluise en bosluisbytkoors

Wye belangstelling is gaande gemaak deur 'n onderhoud wat kort gelede met dr Sonja Matthee, 'n parasitoloog in AgriWetenskappe se Departement Bewaringsekologie en Entomologie, op Espresso, SABC 3 se daaglikse aktuele oggend TV-nuusprogram, oor bosluise, bosluisbytkoors en mense gevoer is.

Die versoek om met 'n kenner soos Matthee gesprek te voer, is deur SABC 3 gerig na gelang van onlangse gevalle op verskeie plekke in Suid Afrika waar mense dood is nadat hulle vermoedelik met bosluise kontak gehad het.

Sy het kykers meegedeel dat daar sowat 90 verskillende harde bosluis-spesies in Suid Afrika is, maar nie almal veroorsaak siekte by mense nie.

"Hoewel bosluisbytkoors gewoonlik met mense wat in die natuur aktief is geassosieer word, kan 'n ander vorm van dié siekte in buitestedelike gebiede deur honde wat met bosluise besmet is, oorgedra word. Albei vorme

het egter dieselfde simptome wat koors, pynlike limfkliere, hoofpyn en lyfseer insluit. Bosluisbytkoors is gewoonlik nie lewensgevaarlik nie, maar daar word aanbeveel dat mense wat gebyt is die nodige mediese behandeling ontvang."

Matthee is op die oomblik met 'n studie besig om te probeer vasstel waar presies vier soorte bosluis-spesies in die Wes en Noord-Kaapland voorkom. Sy het onlangs 'n beroep op Suid-Afrikaanse bees- bok- en skaapboere gedoen om haar in dié verband by te staan deur verspreidingskaarte rakende dié bosluise op datum te hou.

Sonja Matthee het haar na-graadse opleiding in 2000 in die



Dr Sonja Matthee (regs) in gesprek met Elana Afrika tydens die daaglikse aktuele oggend TV-nuusprogram, Espresso.

Departement Veterinêre Tropiese Siektes aan die Fakulteit Veeartsenykunde van die Universiteit Pretoria voltooi. Sy sê sy het nog altyd in dieresiektes en parasiete belanggestel en het meer onlangs verskeie aspekte wat met parasiet-ekologie en streekskaal-filogeografiese patrone verband hou, begin navors. Sy werk ook geruime tyd reeds saam met talle ander kenners aan verskeie navorsingsprojekte oor virusse, protosoë en bakterieë.

"Ons teiken-gasheerspesies sluit hoofsaaklik knaagdiers en insektivore in. Ek is gelukkig om 'n uitgebreide netwerk medewerkers van regoor die wêreld te hê wat by my navorsingsprogram betrokke is. My persoonlike gevoel is dat 'n multi-dissiplinêre navorsingsbenadering hoë gehalte en dikwels oorspronklike navorsing fasiliteer en ook die potensiaal vir voerpunt eweknie-geëvalueerde publikasies bied."

Agronomy's postgrads pull out all stops to help communities in need...

Postgraduate students of the Department of Agronomy (DVG) are pooling their efforts in a serious attempt to make a difference in poor communities. And to date they can already claim a measure of success.

They are pulling out all stops to provide gardening equipment, quality seeds, seedlings, trees, pesticides,

fertilizers and agronomical/vegetable gardening skills and techniques. Some of their objectives include:

- training/teaching unskilled people (especially women) in the poor communities the skills and techniques of vegetable gardening;
- introducing new crops and varieties to these communities;
- teaching environmentally friendly and sustainable agricultural practices;
- introducing pest control (biological, chemical, etc) to ensure healthy crops;
- teaching these communities how to make compost by recycle, thus providing nutrients to crops in an environmentally friendly manner;
- becoming personally involved in supplying healthy food to these communities;
- providing them with information to grow their own vegetables successfully in the future without assistance and
- creating jobs in these communities – especially for women.

The postgrads have launched an urgent plea for assistance: "We are making a difference in these poor communities. To assist us in continuing our great work, any help by means of donating gardening tools and equipment, vegetable seeds, seedlings, trees of any kind, pesticides, fertilizers and/or financial assistance would be highly appreciated."

- Donations should be sent to: The Department of Agronomy Private Bag XI, Matieland, 7602 +27 21 808 4803.



A picture showing DVG postgrads hosting a plant propagation workshop for some Jamestown community members. DVG currently boasts a new food garden in Jamestown near Stellenbosch.

Cape Town to host IFAMA World Forum

The IFAMA (International Food and Agribusiness Management Association) 2014 World Forum, scheduled to take place in Cape Town from 15 to 19 June, is a highly anticipated global event with speakers and participants representing more than 30 countries.

Special events during the World Forum will include a Student Career Fair, a Student-Industry Leader Luncheon and the Presidential Awards Banquet. The latter is one of the most anticipated events each year – it culminates with the presentation of the IFAMA Distinguished Service Award. The recipient last year was Dr William Danforth. He was honoured for his contributions to improving the human condition globally through plant science.

IFAMA's contact details are: IFAMA Business Office, 1155 15th Street NW, Suite 500, Washington, DC 20005, USA – the e-mail address is ifama@ifarma.org/ifama.org



Soil Science postgraduate tops at Combined Congress 2014

Soil Science postgraduate students, Naudé Smith and Jacques Smith, excelled at the Combined Congress 2014 of the Soil and Plant Science Societies of South Africa which was held at Rhodes University, Grahamstown, in January.

Naudé received the Soil Science Society of South Africa (SSSSA) award for the best paper presented by a researcher under 30 years for his presentation entitled: *Effect of compost and foliar sprays on rooibos tea growth and yields*.

Jacques received the Omnia Nutriology Merit Award for Best Soil Science Student Paper for his presentation entitled: *The effect of long-term conservation agriculture on soil organic matter functional pools* (Western Cape, RSA).

The awards included a cash prize of R2 000.

The congress had a record attendance of 388 delegates from all over South Africa. The theme of the congress was *Promoting Sustainable Agricultural Production Together*, with the aim of bridging the gaps



Dr Ailsa Hardie (second from the left) and three of her postgraduate students, Jacques Smith (left), Makhosazana Sika, and Naudé Smith.

between academia, industry and government.

Four delegates from the Department of Soil Science attended the Combined Congress this year – Dr Ailsa Hardie and three of her postgraduate students, Naudé Smith, Makhosazana Sika (PhDAg-

ric) and Jacques Smith (MScAgric).

The postgraduate students' oral presentations were all very well received, and the students managed to win all the Soil Science Awards for young researchers that were on offer at the congress.

Esmé bags Hortgro^{Science} Award



Pictured here are (standing, from left): Reckson Mulidzi, representing Dr Theresa Volschenk, (ARC), Theresa Sonnenberg (Hortgro^{Science}), Dr Wiehann Steyn (Hortgro^{Science}), Suzette Poole (Hortgro), Dr Louw and Lindi Benić (Hortgro). Front (from left): Tanith Freeman (Du Toit Group), Hugh Campbell (Hortgro^{Science}) and Erin Morkel (Hortgro^{Science}). Absent: Dr Theresa Volschenk (ARC) and Buks Nel (Tru-Cape).

Dr Esmé Louw of the Department of Horticultural Science has received the Best Scientific Publication Award 2013 presented by Hortgro^{Science}. The official presentation ceremony took place during Hortgro's annual "Thank you Breakfast" towards the end of last year.

Her scientific publication titled, Volatile dynamics during maturation, ripening and cold storage of three Japanese plum cultivars (*Prunus salicina* Lindl) appeared in the Journal of Postharvest Biology and Technology, Vol 70, Iss 1. With this prestigious annual award the horticultural industry acknowledges quality scientific research published in peer-reviewed journals. Louw joined SU in 2012 as lecturer and researcher in the Horticultural Science Department.

Other Hortgro^{Science} award winners honoured included Dr Theresa Volschenk (Hortgro^{Science} Best Article in the South African Fruit Journal 2013 Award) and Tanith Freeman and Buks Nel (Hortgro^{Science} Best Presentation at the Hortgro^{Science} Technical Symposium 2013 Award).

The DVO hosts the PYDA



The Department of Viticulture and Oenology (DVO) recently hosted 24 students from the Pinotage Youth Development Academy (PYDA) for sensory evaluation, wine tasting and wine legislation training.

The Stellenbosch-based PYDA develops the capacity of young, disadvantaged South Africans to prepare them for employment in the wine industry and related sectors, such as hospitality and tourism. The Academy hosts students from the Stellenbosch and Paarl regions. It offers an integrated programme covering strong vocational skills, as well as the personal growth essential for success. The mission of the PYDA is to deliver practical employable skills, together with a mindset and attitude to allow young people to seize or create economic opportunities.

On the first day Marianne McKay of the DVO introduced the students to formal wine sensory evaluation, and they then had practical tasting (organised by Jeanne Brand, Marisa Nell and Valeria Panzeri of the DVO) in acids, alcohol, sugars, astringency and bitterness. On the second day they were taught to identify different styles of wine, and had a short vineyard tour, followed by an enthusiastic practical session "blind-tasting" port, sherry, jerepico and other styles. The third day was devoted to cultivar tastings, and the students were presented with bottles of wine labelled with their own designs. Labels were assessed for compliance with legislation and popularity with consumers – indeed a very entertaining peer assessment exercise.

Groups that produced the top labels were awarded prizes, as were the students that had achieved the best results in the tasting assessments during the three days. Feedback indicated that the PYDA students really enjoyed their short stay at AgriSciences, and staff at the DVO was impressed with the PYDA students' discipline, motivation, keenness to learn and tasting skills. The students particularly enjoyed being exposed to "blind tasting" exercises, and the majority have been invited to join the DVO's sensory panels.

Nuwe prof en medeprof by DWW-IWBT

PROFF MARET DU TOIT (regs) is tot volle professor en WESSEL DU TOIT (heel regs) tot medeprofessor bevorder. Albei is Oud-Maties en het hulle kwalifikasies aan Stellenbosch verwerf. Maret du Toit, wat sedert 2013 Voorsitter van die DWW-IWBT is, se spesialiteitsveld is wynmikrobiologie en biopreservering, terwyl Wessel du Toit hom hoofsaaklik op wynchemie toespits. Albei se bevorderings geld sedert 1 Januarie vanjaar.

